



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 11

NOVEMBER 2010

**GESKIEDENIS V2
ADDENDUM**

PUNTE: 150

TYD: 3 uur

Hierdie addendum bestaan uit 9 bladsye.

VRAAG 1 WATTER IMPAK HET WETENSKAPLIKE RASSISME OP DIE RASSEBELEIDS RIGTINGS IN AUSTRALIË GEHAD?

BRON 1A

Die volgende is 'n uittreksel geneem uit 'n Australiese koerant, The Age. Melbourne, Januarie 1888, en is geneem uit die Geskiedenis handleiding, In Search of History, Graad.

Dit kom voor as 'n wet van die natuur dat, wanneer twee rasse, wie se vlak van ontwikkeling grootliks verskil, in kontak kom met mekaar, is dit die lot van die minderwaardige ras om agteruit te gaan en te verdwyn... Die proses stem ooreen met 'n wet van die natuur, hoewel dit kan bots met menslike goedheid is dit grootliks tot voordeel van die mens omdat dit voorsiening maak vir die oorlewing van die sterkste... Dit is te betwyfel of die Australiese Inboorlinge enigsins verder sou vorder as die status van die steentydperk waarin ons hom gevind het, en ons hoef dus nie sleg te voel oor sy verdwyning nie.

BRON 1B

Mnr A.O. Neville was die Hoof Beskermheer [Protektor] van die Aborigenes (Inboorlinge) in Wes-Australië vanaf 1915 tot en met 1935. Onder die W.A. Aborigenes Wet was daar baie basters-kindere van hulle families ontnem. Hierdie bron is onttrek vanuit *Bringing them Home: Human Rights and Equal Opportunities Commission: Western Australia*.

Teen die 1930's het Neville, die Hoof Beskermheer [Protektor van Aborigenes in Wes-Australië] sy idee van die integrasie van inheemse mense in nie-inheemse gemeenskap verfyn. Sy model was 'n biologiese idee - een van "absorbering" of "assimilasie" soos vervat in die taal van die genetica en nie soos die rasse-suiwer ideologie van Nazi-Duitsland waar nie-suiwere rasse verbied was om die suiwer Ariese-ras te besmet nie, Neville het geredeneer dat rasse-vermenging tussen die Inboorlinge en wit mense voordelig was. Die kern idee van Neville was velkleur. As basters wit genoeg was sou hulle soos wit mense word. Na twee of drie generasies sou die proses van aanvaarding in die nie-inheemse gemeenskap voltooid was, die ouer generasie sou uitgesterf wees en die nedersettings gesluit was.

BRON 1C

Hierdie uittreksel en foto handel oor die manier hoe die Inboorlinge in en die geskiedenis van die “Gesteelde Geslag” Australië, behandel was. Dit is geneem uit die Geskiedenis handleiding, In Search of History, Grade 11.

GESKREWE BRON

As deel van die beleid van assimilasie het die Australiese regering die jong basterkinders van hulle families geneem en hulle in reservate geplaas met die doel om hulle uiteindelik in die wit gemeenskappe te integreer. Hierdie kinders het later bekend gestaan as die “Gesteelde Geslag...”

VISUELE BRON

Hierdie foto is geneem uit die film “Rabbit Proof Fence” wat die ondervindinge van sommige van die “gesteelde kinders” uitbeeld. Hier word daar twee kinders met geweld van hulle ouers weggeneem.

**BRON 1D**

Neal Whitfield is 'n geskiedenis onderwyser in Sydney, Australië. Hy het die volgende artikel op sy webtuiste geskryf nadat hy 'n dokumentêre film, Frontier - op televisie gekyk het wat handel het oor die behandeling van die Inboorlinge in Australië.

Daar kan 'n doelbewuste beleid van 'n regering wees, wat op die uitwissing van 'n volk gemik is, wat nie eens een sterfte insluit nie. As die finale vyf minute van Frontier 'n ware weergawe gee van waarmee sommige van die belangrike administrateurs besig was en beplan het om die Inboorlinge toe te laat om uit te sterf, en om basters voort te bring - dan blyk dit vir my dat in ons geskiedenis, iets regtig verskriklik – volksmoord - ernstig oorweeg was deur die magte wat in beheer geplaas was van die regering om die sake van die Inboorlinge te administreer.

VRAAG 2 HOE HET DIE GROEI VAN AFRIKA-NASIONALISME 'n IMPAK GEHAD OP DIE KOLONIALE BEHEER IN AFRIKA?

BRON 2A


Die volgende is 'n uittreksel oor nasionalisme en is geneem uit die Geskiedenis handleiding, Verken die Verlede, Graad 11.

GESKREWE BRON

Een van die prestasies van nasionalisme is dat dit mense uit verskillende kulturele agtergronde verenig het. Hoewel mense wat in landelike gebiede gewoon het, nie noodwendig dieselfde belange as hul landgenote in die stede gehad het nie, het hulle almal 'n gemeenskaplike vyand gehad: kolonialisme. Nasionalisme het ook mense uit verskillende klasse verenig... Die nasionalistiese beweging het die elite, die handelaars, onderwysers, kleinboere en die werkloses verenig... Afrika-nasionalisme het 'n krag geword wat nie gekeer kon word nie. Harold MacMillan het in 1960 daarna verwys as die "winde van verandering wat oor die vasteland van Afrika waai".

VISUELE BRON

Die volgende spotprent deur Jock Leyden was in 1960 gepubliseer, die jaar waarin die meeste Afrika-state hul onafhanklikheid verkry het en in dieselfde jaar wat die Britse Eerste Minister sy beroemde "Winde van verandering" toespraak gelewer het.



BRON 2B

Die volgende is 'n uittreksel deur Anton Lembede, die eerste president van die African National Congress Jeugliga (ANCYL). Dit het in Inkundla ya Banti, Mei 1946 verskyn.

Dwarsoor die wêreld verrys nasionalisme in verset teen vreemde oorheersing, verowering en onderdrukking, in Indië, in Indonesië, in Egipte, in Persië en in verskeie ander lande. Onder Afrikane is daar ook duidelike tekens van nasionale ontwaking... 'n Nuwe gees van Afrika-[swart]-nasionalisme, of Afrikanisme, bring ... 'n beroering onder die swart Afrikane-gemeenskap. 'n Jong, sterk nasie is in die proses van geboorte en tevoorskynkoming. Die nasionale beweging, besiel (opgewek) deur die nasionale gees, word sterk en kry momentum. Afrika-[swart]-nasionalisme is gebaseer op die volgende beginsels:

1. Afrika is 'n swartmansland. Afrikane is die boorlinge van Afrika en hulle bewoon Afrika, hulle eeu-oue moederland; Afrika behoort aan hulle.
2. Afrikane is 'n eenheid. Uit diverse (verskeie) stamme moet daar 'n verenigde volk na vore kom. Die basis van nasionale eenheid is die nasionalistiese gevoel van die Afrikane, die gevoel om 'n Afrikaan te wees, ongeag stamverwantskap, sosiale status, opvoedkundige prestasies of ekonomiese klas.. Afrika [swart] nasionale vryheid, dan sosialisme. Afrikane is van nature sosialisties soos geïllustreer deur sosiale gebruike en gewoontes. Die verkryging van nasionale vryheid sal daarom 'n nuwe era van Afrika-sosialisme bring. Ons onmiddellike taak is egter nie sosialisme nie, maar nasionale bevryding.

BRON 2C

Die volgende is 'n uittreksel omtrent die stigting van die Mau-Mau as 'n nasionalistiese beweging wat geveg het vir die bevryding van die mense van Kenia. Dit is geneem uit die Geskiedenis handleiding, In Search of History, Graad11.

Die Mau-Mau was 'n nasionalistiese-liberalistiese bevrydings beweging wat die wapenstryd as die hoogste vorm van politieke en ekonomiese stryd verkies het. Behalwe dat hulle ook die land en politieke mag geëis het, het hulle die kultuur van die onderdrukkers verwerp en 'n populêre mondelingse literatuur bedryf wat anti-kolonialistiese waardes gepropageer het. Hulle het godsdienstige liedere en ook die Bybel geneem en dit betekenis gegee in harmonie met die aspirasies van hulle stryd.

VRAAG 3 IN WATTER OPSIG WAS 1960 'n KEERPUNT IN DIE STRYD TEEN APARTHEID?

BRON 3A

Die volgende bronne beeld die gebeure uit wat op 21 Maart 1960 by Sharpeville plaasgevind het. Dit is geneem uit die webtuiste <http://www.answers.com/topic/apartheid>.

GESKREWE BRON

Op 21 Maart 1960 het 20 000 swart mense in Sharpeville byeen gekom om te betoog teen die vereistes dat swart mense (ingevolge die bepalings van die Paswet) identiteitskaarte moes dra. Die polisie het op die betogers gevuur, 69 gedood en 180 gewond. Die meeste van hulle is in die rug geskiet.

VISUELE BRON

Kol. J. Pienaar, die senior polisie beampste wat daardie dag aan diens was, is aangehaal en het die volgende te sê gehad: "Daar was hordes naturelle om die polisie kantoor. My motor is deur 'n klip getref. As hulle hierdie dinge doen, moet hulle hul les op die harde manier leer".

Die foto is geneem op die 21 Maart 1960 waar 69 swart betogers in Sharpeville deur polisiebeampstes gedood is.



BRON 3B

Hierdie uittreksel is geneem uit die Drum Magazine en dui op 'n onderhoud tussen die destydse redakteur, Humprey Taylor en Sobukwe oor die plan van die PAC. Dit is geneem uit die Geskiedenis handleiding, In Search of History, Grade 11.

Die Pan Afrikanistiese Kongres se plan was heel eenvoudig. Die idee was dat alle swart mans in die land vreedsaam na die naaste polisie stasie op 'n sekere dag sou marsjeer en hulle pasboeke inhandig. Hulle sou die polisie inlig dat hulle nooit weer passe sou dra nie. As die polisie hulle sou arresteer sou hulle nie weerstand bied nie. As die polisie niks doen nie sou die protesteerders huis toe gaan., maar hulle sou nie werk toe gaan nie.

.... Sobukwe het binne gekom maar kon slegs kortliks praat. Hy het beaam dat die protes vreedsaam sou wees. Die protesteerders sou nie arrestasies teenstaan nie. Diegene wat nie gearresteer was nie sou egter nie terug gaan werk toe nie. Mans sou kwaad word as hulle hul families sonder voedsel sien, Ja, dit was moontlik dat dit tot konfrontasie sou lei en daar kon gewelddadige optrede van die polisie wees om te protes te stop. Dit was moontlik dat mense sou sterf. Maar daar blyk geen alternatief te wees as mense vry wou wees nie.

BRON 3C

Die datum van die dokument is 1960 - die jaar van wydverspreide swart verset in Suid-Afrika. Albert Luthuli is skuldig daaraan bevind dat hy sy pasboek verbrand het. In die uittreksel hieronder verdedig Albert Luthuli sy optrede.

Wat ek gedoen het, het ek gedoen omdat ek saam met die oorweldigende meerderheid van my mense die passtelsel verwerp, omdat dit soveel lyding en swaarkry onder ons mense veroorsaak.

Ons voer aan dat dit niks minder as 'n instrument vir die doelbewuste vernedering van ons volk is nie, 'n kenteken van die slawerny, 'n wapen wat die owerhede inspan om ons in 'n minderwaardige posisie te hou.

Meneer, dit sal nie maklik vir u wees om te verstaan hoe diepgewortel die weersin is wat swart mense in die passtelsel het nie. As daar 'n land êrens in die wêreld is wat dit dikwels 'n misdaad maak vir 'n man en vrou om saam te leef, wat agtien jaaroue kinders van hul ouers skei, het ek nog nie daarvan gehoor nie. Maar dit is presies wat die pas in die Unie van Suid-Afrika doen.

Elke jaar word 'n halfmiljoen van my mense ingevolge die paswette gearresteer. Die fisieke arrestasie en aanhouding en die gevolge soos gebroke huwelike, verlies aan werk en verlies aan inkomste is maar net deel van my grimmige verhaal.

In alle beskeidenheid het ek in my optrede bloot my verantwoordelikheid onder die hoogste morele wette en in die beste belang van die mense van Suid-Afrika nagekom, omdat ek oortuig is dat dit dringend noodsaaklik is vir die handhawing van vrede en harmonie tussen die verskillende rasse-groepe, swart en wit, is dat die passtelsel onmiddellik en algeheel afgeskaf word.

BRON 3D

Die volgende uittreksel is geneem uit *Lives of Courage, Women for a New South Africa*, deur D.Russel. Dit handel oor die besluit om oor te gaan na gewapende geweld. Hierdie uittreksel is geneem uit die Geskiedenis handleiding, *In Search of History*, Grade 11.

Die African National Congress het die hele tyd vreedsame maniere probeer om veranderinge in Suid Afrika teweeg te bring, maar die reaksie van die regime was gewelddadig. Daar was by vreedsame byeenkomste op mense geskiet... Hierdie geweld het plaasgevind as mense gearresteer was. Duisende der duisende Suid-Afrikaners het deur die toedoen van die polisie gesterf... Daar was ook die geweld van die lewensomstandighede in Suid-Afrika. Die leefwyse van die swart persoon is 'n lewe van geweld... Ons mense is verban. Ons organisasies is as onwettig verklaar. Self die nie-gewelddadige metodes was onwettig verklaar. Ons het besluit dat, as dit die geweer is wat die Suid-Afrikaanse regering gebruik het om ons te oorheers, dit die geweer sal moet wees wat daardie oorheersing verbreek..

ERKENNINGS

Visuele beelde en ander geskiedkundige bewyse is uit die volgende boeke geneem:

Bottaro, J et al. 2007 *In Search of History - Grade 11* (Oxford University Press)
Claire, H et al 2007 *Making History - Grade 11* (Heinemann Publishers)
Dlamini, N et al 2007 *Shuters History - Grade 11* (Shuters & Shooters Publishers).
Govender, SP et al 2007 *New Generation History Grade 11* (New Generation Publishing Enterprises)
Govender, SP et al 1997 *New Generation History Standard 10* (New Generation Publishers)
Hugo P et al 2006 *History for Grade 11 Learner's Book* (Nasou via Africa)
Frick Nicola et al 2007 *New Africa History Grade 11* (New Africa Education)
Friedman, M et al 2007 *Focus on History Looking into the Past Grade 11* (Maskew Miller Longman)
<http://www.answers.com/topic/apartheid>